

Vrydag 12 Januarie

Skrifgedeelte: Filippense 4:2-9

Fokusgedeelte: Filippense 4:4;
Heidelbergse Kategismus 33:90

'n Hartlike vreugde in God deur Christus

Die positiewe kant van die bekering word as die opstanding van die nuwe mens aange-dui. Ook die uitdrukking “nuwe mens” het niks met ouderdom te doen nie, maar sien op die nuwe lewe wat die Heilige Gees in ons inplant deur ons met die geloof aan Christus te verbind (Ef. 2:15; 4:22-24; Kol. 3:8-11). Die *nuwe mens* beteken dat Christus wat die sonde oorwin en ons daarvan verlos het, in ons lewe (Gal. 2:20; Fil. 1:21); dat Christus al hoe meer gestalte in ons kry sodat ons sy beeld vertoon (Rom. 8:29; 2 Kor. 3:18); dat die-selfde gesindheid in ons is wat daar in Christus Jesus was (Fil. 2:5; Matt. 11:29).

Hierdie nuwe lewe in Christus moet nou in die weg van daaglikse bekering voortdurend in ons ontwikkel en ontplooi. Hierdie kant van die daaglikse bekering bestaan volgens die Kategismus uit twee dele: 'n hartlike vreugde in God deur Christus, *en* 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe. Hier word slegs oor die eerste deel gehandel.

Die hartlike vreugde in God deur Christus staan teenoor die droefheid en berou oor ons sonde by die afsterwing van die ou mens. Sowel droefheid as blydschap is in die lewe van die Christen aanwesig. Hierdie twee gaan hand aan hand saam met ons die hele lewe deur. In ons geloofsluwe is daar altyd droefheid oor ons sondes waardeur ons God ver-toorn, maar ook blydschap in die wete dat al ons sondes deur Christus vergewe is.

Eers op die nuwe aarde sal ons volkome en ongestoorde blydschap ervaar as God self al die tranes van ons oë sal afvee. Maar hoewel die droefheid oor ons sonde ons hier op aarde altyd sal bybly, moet die blydschap in Christus tog al hoe duideliker by ons opgemerk word. Die evangelie is immers 'n blye boodskap. Paulus skryf ook aan die Filippense (4:4): “Verbly julle altyd in die Here! Ek sê weer: Verbly julle!”

Nou weet ons dat ons in dit wat die wêreld ons bied, geen bestendige vreugde of blyd-skap sal vind nie. Die wêreld bied aan ons slegs enkele oomblikke van blydschap. Ware blydschap vind ons alleen, soos Paulus sê, *in die Here*. Ek moet bly wees dat Christus my ook laat deel in die verlossing van sondes. *Dit is die geheim van ware lewensvreugde*: nie blydschap oor myself of oor die wêreld nie, maar blydschap oor en in Christus wat met sy bloed vir al my sondes betaal het.

Dit is opmerklik dat by die ware gelowige die droefheid oor sy sonde hom altyd bring tot blydschap in Christus wat ons sondes vergewe het. Dit moet my tog waarlik bly maak as ek kan juig: “Welsalig wie van skuld en straf onthewe / die woord mag hoor: jou sondes is ver-gewe” (Ps. 32, berymd). Die Christen wat die ware bekering ken, is 'n blymoedige mens.